# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

HG **102-1/1**

***9 bladsye***

AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG: Vraestel 1

102 1 1 HG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord AL die vrae.
- Volg die instruksies boaan elke afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
- Nommer elke vraag in die MIDDEL van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1
### TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende **TYDSKRIFARTIKEL** versigtig deur.

**Die verhaal van: Ellen Kuzwayo**

1 Een van haar Afrikaname is *Cholofelo* – Hoop. 'n Ander is *Nnoseng* – Gee my water. Dit is goeie name, want van kleins af was gemeenskapsdiens vir Ellen Kuzwayo deel van haar lewe. Sy het nie net vir die mense kos gegee nie, maar sy het hulle ook geleer om vir hulleself te sorg. Sy het saam met hulle gewerk en hulle geleer om iets vir hulleself te doen.

2 Sy het 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van die Witwatersrand ontvang. Die mense van Orlando noem haar vandag nog "Ma-K, die moeder van Soweto". Op 88-jarige ouderdom is sy nie meer so sterk soos altyd nie. Maar haar huis in Orlando-Wes staan steeds oop vir almal wat wil kom kuier. Haar mense kom van die Vrystaat, Thaba Nchu se wêreld. Sy het in 'n sendingskool op haar oupa se plaas skoolgegaan en later by die St Francis Kollege in Mariannhill, Natal en die Adams Onderwyskollege in Amanzimtoti.

3 Ellen is in 1914 op haar oupa se plaas gebore. Hy was 'n onderwyser, 'n dominee en sekretaris van die ANC. Sy was die enigste kind van haar ouers. Haar ouers is geskei toe sy drie jaar oud was. Haar ma se dood was baie swaar vir haar. Haar stiefpa is omtrent 'n jaar na haar ma se dood met haar suster, Blance, getroud. Daarna was Ellen nie meer welkom op die plaas nie, en het haar eie mense in Johannesburg gaan soek. Sy het haar pa, Phillip Merafe, in Pimville gekry. Sy wou graag 'n eie huis hê en is toe getroud.

4 Die man het haar baie seergemaak en sy het na haar pa se huis gevlug. Omdat sy nie haar eie kinders kon saamneem nie, moes sy werk om te vergeet. Sy het na een van die skole in Orlando-Oos, gegaan en 'n werk by Law Palmer Primêr gekry.

5 Sy het in die tyd by die ANC *Youth League* aangesluit. Maar sy bly help in die gemeenskap en help veral die jeug met hulle probleme. As lid van die *South African Association of Youth Clubs* deel sy met ander wat sy op haar oupa se plaas geleer het. Die Pimville *Youth Club* word bekend vir hulle drama-opvoerings, danse en kunshandwerk. So help sy jongmense om weer te glo in die toekoms. In 1950 bedank sy uit die onderwys en studeer vir Maatskaplike werk. Daar leer sy vir Winnie Madikizela ken en hulle word vriende. In 1963 begin sy vir die YWCA werk en sy word die algemene Sekretaris van Transvaal. Hulle het probeer om vroue en meisies te help met leierskap in die gemeenskap.

6 Ellen Kuzwayo is 'n onderwyseres, maatskaplike werkster, gemeenskapsleier, jeugwerker en vegter vir vroue. Sy was sewentig toe haar outobiografie, ***Call Me Woman***, wat swart vroue se lewens beskryf het, die CNA-prys gekry het. Dit was die eerste keer dat 'n swart skrywer die prys ontvang het. Sy was tagtig toe sy lid van Suid-Afrika se eerste demokratiese parlement geword het.

7 Ellen het in 'n huis grootgeword, waar sy haar eie plek moes verdien en het ander vroue gehelp om ook hulle eie plek te verdien.

[Verwerk uit: *SARIE*, Maart 2003]

**VRAE:**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

1.1 Hoekom is die name, *Cholofelo* en *Nnoseng,* 'n goeie beskrywing van Ellen? (1)

1.2 Watter TWEE dinge het sy vir die mense geleer? (2)

1.3 Noem TWEE dinge wat sê dat die mense haar eer vir wat sy gedoen het. (2)

1.4 Op watter TWEE plekke het sy na skool opleiding gekry? (2)

1.5 Wat was haar Oupa se bydrae tot die gemeenskap? Noem DRIE. (3)

1.6 Watter DRIE dinge het haar baie hartseer in haar lewe gemaak? (3)

1.7 Waarom het sy by Law Palmer Primêr gaan werk? Gee TWEE REDES. (2)

1.8 Met watter TWEE dinge het Ellen die jeug gehelp? (2)

1.9 Watter bekende persoon was 'n goeie vriend van haar? (1)

1.10 Waarmee het sy veral vroue gehelp? (1)

1.11 Watter TWEE groepe mense het sy gehelp met haar gemeenskapswerk? (2)


1.12 1.12.1 Watter belangrike toekenning het sy ontvang? (1)
1.12.2 Wat het die toekenning uniek gemaak? (1)

1.13 Wat het Ellen vir die vroue geleer? (1)

**[24]**

## VRAAG 2
## ADVERTENSIE

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende ADVERTENSIE versigtig deur.



***BROOD GEE LEWE!***

Omdat die kuiermense my verras het, het ek besluit om hulle te verras.
Kyk, ek is 'n vrou van die negentigs en ek hou daarvan om partytjie te hou. Maar ek het nie baie tyd gehad nie. Ek maak toe iets vinnig, gesond en lekker.


**Brood**.

Dis reg. Jy sal ver moet soek vir iets beter as brood, want jy kan baie dinge doen met brood.

Enige tyd, enige plek, altyd lekker!

My gaste het nie net die ete geniet nie, maar die kok kon ook lekker saam met die gaste kuier en met my kreatiwiteit spog. Met brood se lekker vulsels kan ek iets baie lekker maak.

Dis Brood, maar nie soos hulle gedink het nie!
Ek weet ek kan altyd wen met brood!



[Verwerk uit: *HUISGENOOT*; 5 Junie 1997]

**VRAE:**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.


2.1 Waarvan hou 'n vrou van die negentigs? (1)

2.2 Gee TWEE eienskappe van brood. (2)

2.3 Watter TWEE voordele het hierdie vinnige ete vir die kok? (2)
**[5]**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende STROKIESPRENT versigtig deur.




**[Uit: *Rapport-Tydskrif: 19 Mei 2002*]**

**VRAE:**

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Wat wil Jeremy van Sara weet? | (1) |
| 3.2 | Hoekom wil Sara nie antwoord nie? | (2) |
| 3.3 | Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE om te sê hoekom Jeremy nie Sara se antwoord aanvaar nie. | (1) |
| 3.4 | Hoe reageer Sara op Jeremy se antwoord? Gee TWEE antwoorde. | (2) |
| | | **[6]** |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

## AFDELING B
## OPSOMMING

### VRAAG 4

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

Lees eers die volgende INSTRUKSIES versigtig deur.

- Lees die vyf paragrafies (4.1 – 4.5) versigtig deur.
- Soek TWEE hoofgedagtes uit elkeen van die paragrafies van 4.1 – 4.5.
- Skryf elke hoofgedagtes in 'n APARTE volsin neer.
- Skryf jou sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
- Jou sinne moet altesaam <u>nie langer as 110 woorde wees nie</u>.
- Onthou om die aantal woorde aan te dui aan die einde van die opsomming.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 110 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

**Wanneer is jy snaaks?**

4.1 Die Fakirs in Egipte kon pyn vat. Hulle het snaakse goed gedoen wat dit gewys het. Fakir Agastiya van Bengale het in 1900 gaan sit en sy arm in die lug begin hou. Hy het so gesit tot in 1912 toe hy dood is. Die bloed in sy arm het ophou vloei. Sy arm het doodgegaan.

4.2 In 1641 was daar 'n Ierse soldaat wat net klippe geëet het, omdat hy moes. Die mense in sy dorp het geglo hy is met klippe in sy hande gebore. Hy kon nie gewone kos eet nie, hy het naar geword.

4.3 Guillaume de Nittis het nie gehou van hoe hy gelyk het nie. Hy het sy postuur reg geëet. Alles waarvan hy nie gehou het nie, het hy geëet. Hy het sy linkerarm in die openbaar opgeëet. Later het hy probeer om sy regtervoet op te eet. Hy het gedink dat net sy tande reg was.

4.4 Carl Unthan het nie arms gehad nie. Sy pa het gesê niemand moes hom jammer kry nie, daarom moes hy alles self doen. Hy kon alles met sy tone doen. Die wonderlikste was dat hy kon viool speel met sy tone. Hy het vir homself gesorg.

4.5 Party mense word vinniger oud as ander mense. Charles Charlesworth is in 1836 dood toe hy sewe jaar oud was. Die dokter het gesê dat dit ouderdom was. Toe hy vier jaar oud was het hy al 'n baard gehad. Op vyf jaar het hy plooie begin kry. Hy het vinniger as gewone mense oud geword.

**[Verwerk uit: *JIP*, 22 November 2000]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## FUNKSIONELE TAALGEBRUIK

- Beantwoord AL die vrae.
- Begin jou antwoorde op 'n NUWE BLADSY.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

### VRAAG 5
### SMAAK MAAK JOU UNIEK

5.1 Voltooi die volgende paragrawe soos aangedui. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

My 5.1.1 (**EEN WOORD**: jou pa en ma) ______ het die gewoonte dat ons 5.1.2 (**VUL WOORD IN**) ______ 5.1.3 (**EEN WOORD**: ete + tafel) ______ moet sit en eet. **NIKS** smaak egter vir **TWEE** 5.1.4 (mens) _______ dieselfde 5.1.5 (**VUL WOORD IN**) ______, want smaak is 'n 5.1.6 (**KORREKTE VORM**: uniek) _______ **ONDERVINDING**. My pa hou 5.1.7 (**VUL WOORD IN**) _______ 'n oorryp piesang. Ek 5.1.8 (**KORREKTE VORM**: kies) _______ dit 5.1.9 (**EEN WOORD:** baie styf) _______. Dieselfde soetding smaak vir een 5.1.10 (**KORREKTE VORM**: soet) _______ AS vir 'n ander. Die smake 5.1.11 (**KORREKTE VORM**: wat + op) ________ ons tong reageer, kan dalk verklaar waarom sommige neig om 5.1.12. (**ANTONIEM**: vet) _______ te wees. **DIE** 5.1.13 (**KORREKTE VORM**: vroeg) _______ ondervinding van klein 5.1.14 (**KORREKTE VORM**: babas ) _______ 5.1.15 (**SKRYF VOLUIT**: m.b.t.) _______ smaak, 5.1.16 (**KORREKTE VORM**: invloed) _______ later hul eetgewoontes.

'n Baba 5.1.17 (**KORREKTE WOORD**: wie; wat) _______ se ma knoffel eet, ontleed eers die smaak. Die ma se 5.1.18 (**KORREKTE WOORD**: dieët, dieet) ________ gedurende die tyd wat sy haar baba 5.1.19 (**KORREKTE WOORD**: voet; voed) ________, bepaal sy smaak vir spesifieke kossoorte.

Sommige nuwe 5.1.20 (**SINONIEM**: moeders) ________ is so 5.1.21. (**KORREKTE VORM**: opgewen) _______, dat hulle alles eet wat voorkom. Dit 5.1.22. (**KORREKTE WOORD**: lei; ly) ________ daartoe dat hul kinders later gesonde kos 5.1.23. (**ANTONIEM**: interessant ) _______ sal vind. Moet nie verbaas wees as jou 5.1.24. (**SKRYF VOLUIT**: 17-jarige) ______ net gemorskos eet nie! (24x½)

***[Verwerk en aangepas uit: Sarie - Februarie 2003]***

5.2 Lees eers die sin/sinne in die blokke. Skryf daarna die sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis daarvan te verander. **Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul**.

**SMAKERS, NIE-SMAKERS, SUPER-SMAKERS**

5.2.1 Navorsers het in die dertigerjare 'n smaakkwaliteit ontdek.

**'N SMAAKKWALITEIT** ____________________ (2).

5.2.2 Proefpersone het almal dieselfde middels geproe. Dit was bitter vir sommige.

**ALHOEWEL** proefpersone almal _______________ (1), _____________ (1)

5.2.3 Proefpersone is in twee groepe verdeel. Hulle is die smakers en die nie-smakers genoem.

**NADAT** proefpersone ________________ (1), ________________ (1) die smakers en die nie-smakers genoem.

5.2.4 'n Derde groep word geïdentifiseer. Hulle vind die middels se smaak baie sleg.

**TOE** 'n derde groep ________________ (1), _____________ (1) die middels se smaak baie sleg gevind.

5.2.5 "Ek kyk net na my proefpersone se tonge." sê dokter Linda Snyman.

Dokter Linda Snyman sê **DAT** ______________________________ (3)

5.2.6 Super-smakers het die meeste smaak op hul tonge. Hulle is in 'n ander smaakwêreld. Hulle ervaar smaak sterker.

**OMDAT** super-smakers _________________ (1), ________________ (1) in 'n ander smaakwêreld **AANGESIEN** hulle __________________ (1).

5.2.7 'n Kwart van die wêreld is super-smakers. Die meeste vrouens is super-smakers.

**NIE ALLEEN** _____________ (2), ______________ (1) die meeste vrouens is super-smakers.

5.2.8 **Hulle moet minder eet.**

Hulle **BEHOORT** minder __________ (2)

5.2.9 Die dokters sê dat hulle minder moet eet.

Die dokters sê: "_________________________" (1)

5.2.10 Super-smakers eet min.

Super-smakers eet **NIE** _________________________ (2)

5.2.11 Super-smakers vind die kos te sout, suur en bitter.

Super-smakers vind die kos **SOWEL** ___________________ (1) (23)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**